

Vrydag 20 Mei

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 12:12-31 (AFR83)

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 12:27

Leef jou gawes uit!

Dalk wonder jy dadelik as jy die tema lees: Het ek ook gawes, en wat is my gawes as ek dan het? Rondom die belangrike saak van die geestelike gawes is daar gelowiges wat dikwels talle vrae het. Hierdie stukkie uit die Woord laat ons opnuut dink oor hierdie belangrike saak en gee ook vir ons duidelike riglyne.

Dis baie belangrik dat jy opnuut as Christengelowige sal weet dat jy ook 'n gawe of gawes van die Here ontvang het deur die inwerking van die Heilige Gees. Lees gerus weer verse 28 tot 30 en ook Romeine 12:4-8 waar ons prakties leer oor verskillende gawes. Hierdie dele is nie bedoel om volledige lyste van alle gawes te wees nie. Die Here kan volgens sy wil vandag gawes vir sy kinders in hulle praktiese omstandighede gee wat dalk nie hier volledig beskryf word nie. Dis egter belangrik dat jy hierdie dele biddend lees en die Here opnuut vra om vir jou leiding te gee oor jou unieke gawes as sy kind. Ons kinders en jongmense moet ook nie uitgesluit voel nie. God se gawes is nie net vir grootmense nie, maar vir elke kind van Hom waarin sy Heilige Gees werk.

Dis so belangrik dat jy jou unieke gawes sal ken en gebruik. Moet nooit voel dat jy met jou spesifieke gawes nie so nodig is in jou gemeente nie. Elke ledemaat en orgaan in ons liggame is noodsaaklik vir die volledige funksionering van ons liggame. So is elke lidmaat in die gemeente, ook jy met jou gawes, noodsaaklik sodat jou gemeente volledig as liggaam van Christus kan funksioneer.

Nooit mag ons op ons eie gawes of die gawes van ander gelowiges neersien nie. God wil ons elkeen gebruik met ons gawes soos Hy dit uitdeel. Wanneer ons ons gawes nie gebruik nie, onderdruk ons die lewe wat God deur sy Heilige Gees in die gemeente gee. Nee, ken jou gawes en gebruik dit. Leef dit ook vandag opnuut vol liefde uit en dra so by dat die kerk van God ook deur jou gemeente waarlik leef.

Sing: Skrifberyming 12-2:4, 5

Ds. L du P van der Vyver (Wicus) (Silverton)